# KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, WET 56 VAN 2003

**KENNIS GESKIED HIERMEE** ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 dat die Stad Kaapstad- metropolitaanse munisipaliteit ("die Stad") van voorneme is om 'n kontrak aan te gaan vir die verskaffing, aflewering en installering van nuwe boekdiefstalopsporingstelsels en die instandhouding van bestaande boekdiefstalopsporingstelsels vir die Stad Kaapstad. Die kontrak sal finansiële verpligtinge vir 'n tydperk van langer as drie (3) boekjare vir die munisipaliteit inhou. Openbare kommentaar oor die konsepkontrak word hiermee uitgenooi.

**KENNIS GESKIED VERDER HIERMEE** ooreenkomstig artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 dat:

a. Die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbende persone genooi word om teen 28 Februarie 2026 kommentaar of vertoë oor die **verskaffing, aflewering en installering van nuwe boekdiefstalopsporingstelsels en die instandhouding van bestaande boekdiefstalopsporingstelsels vir die Stad Kaapstad se biblioteek- en inligtingsdienste** in te dien per elektroniese pos by die onderstaande e-posadres of deur aflewering by die onderstaande posadres.

b. Afskrifte van die konsepkontrak(te) en inligtingsverklaring wat die Stad se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkoms(te) opsom, is ter insae beskikbaar by subraadskantore, asook by Stadsbiblioteke en by www.capetown.gov.za (die Stad se amptelike webwerf).

c. Meer besonderhede en verduideliking kan per e-pos by Phillipus.VanDerWalt@capetown.gov.za versoek word en sal op bogenoemde webtuiste beskikbaar gestel word.

**FISIESE ADRES**
Die Stadsbestuurder
Tenderverspreidingskantoor
2de verdieping, Burgersentrum
Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001

**POSADRES**
Dr. Flippie van der Walt
Ou Abattoirgebou
Berkleyweg 53
Ndabeni
Kaapstad
7405
**E-pos:** Phillipus.VanDerWalt@capetown.gov.za
**Tel.:** 021 444 0474

**Voorleggings moet soos volg gemerk wees: "CONTRACT NO. 028S/2024/25 Supply, delivery and installation of new book theft detection systems and the maintenance of existing book theft detection systems for the City Of Cape Town - Section 33 process"**

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak Anathi Dywili by 021 400 9825 of anathi.dywili@capetown.gov.za.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA17/2025**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**